2016

Die 7 Kruiswoorde van Jesus



Marius Swart

Coastland Herlewing Sentrum

7 Kruiswoorde van Jesus

INLEIDING

In die Bybel lees ons van Jesus se laaste woorde wat Hy self hardop aan die kruis gespreek het. Daar is sewe kruiswoorde opgeteken.
Die getal "sewe" verteenwoordig algehele volledigheid en volmaaktheid. Soos Jesus aan die kruis gehang het meer as 2000 jaar gelede, het **Hy sewe uitsprake gemaak**.

SEWE KRUISWOORDE

Aan die kruis praat Jesus sewe keer. Die sewe kruiswoorde word as volg bymekaargevoeg uit die vertellinge van die verskillende evangelies:

1) "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" (Luk. 23:34)
2) " Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." (Luk. 23:43)
3) "Daar is u seun... Daar is jou moeder." (Joh. 19:26-27)
4) "My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matt. 27:46, Mark 15:34) (Die Boodskap: waarom het U my alleen gelaat)
5) "Ek is dors." (Joh. 19:28)
6) "Dit is volbring!" (Joh. 19:30)
7) "Vader, in U hande gee Ek my gees oor." (Luk. 23:46) (Die Boodskap: My Vader, Ek is besig om te sterf. Ontvang My asseblief daar by U"

Die eerste 3 Kruiswoorde van Jesus = Uitgespreek tussen **09:00-12:00**

1. "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" (Luk. 23:34)
Die eerste kruiswoord gaan oor **vergifnis.**
Vergifnis is waaroor die kruis gaan. Dis waarvoor Jesus gekom het. Vergifnis begin by God. Ons het vergifnis nodig, want ons het almal gesondig en is vêr van God af, daar is 'n kloof tussen ons en God a.g.v. ons sonde wat ons nie op ons eie kan oorsteek nie. Jesus het die prys kom betaal met sy lewe, met sy liggaam en sy bloed, sodat ons vry kan wees, sodat ons verhouding met God herstel kan wees.

Mat 26:28 Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.

"When you forgive, you in no way change the past-but you sure do change the future"
Bernard Meltzer
"The weak can never forgive. Forgiveness is the attribute of the strong." Ghandi

VERGIFNIS VIR WIE ?

- Owerpriesters en Ouderlinge wat alles beplan het
- Juda wat hom verraai het
- Sy dissipels wat hom verloën en verlaat het
- Kajafas ; Herodus Antipas ; Pontius Pilatus
- Elke Romeinse soldaat wat om gevange geneem het, geslaan, gespoeg, gegesel en gespot het

- Elke bystander wat hom gespot het.
- Elkeen van ons wat in die toekoms sou sondig.

Die kruis op Golgota is 'n simbool van "dubbele vergifnis." Die regop paal simboliseer God se vergifnis aan ons (vertikale dimensie) en die dwarsbalk simboliseer ons vergifnis aan mekaar. Met Jesus as die middelpunt. As Hy aan die kruis uitroep "Vader vergeef hulle…" sê Hy eintlik aan ons Maar wat bedoel Jesus nou eintlik met vergifnis? Drie Griekse woorde word gewoonlik gebruik om vergifnis te definieer:

1. **Charizomai** - In die eerste plek moet ons 'n gesindheid van liefde en genade hê, soos gesien in Ef. 4:32 - Eph 4:32 Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; **vergeef mekaar** soos God ook in Christus julle vergewe het.

2. **Apoluo'** - Met die tweede woord, word vergifnis beskryf as die vryspraak wat ek aan iemand verleen, t.o.v. iets wat hy of sy aan my verskuldig is. (Luk. 6:37) -Luk 6:37 En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit veroordeel word nie. **Spreek vry**, en **julle sal vrygespreek word.**

3. **Apeimi'** - In die derde plek word vergifnis letterlik beskryf as: om los te maak, weg te werp. Jouself van iets te bevry. (Mark. 11:25) - "En wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredings vergewe."

2. " Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." (Luk. 23:43)

Die tweede kruiswoord gaan oor **geloofsekerheid.** Die misdadiger aan die kruis langs Jesus besef dat dit net deur Jesus is wat daar vir hom redding kan kom. Hy roep uit na Hom en Jesus gee hom die sekerheid dat hy die ewige lewe sal hê / in die hemel sal wees / gered is / by God sal wees. Ons kan (en moet) ook hierdie sekerheid hê wanneer ons Jesus aanneem as Verlosser, wanneer ons na Hom uitroep en in Hom glo en Hom vertrou.

Daar is **drie lesse** wat ons kan leer uit die skrifgedeelte:

1. **Les 1 - Niemand is ooit te ver weg van God se liefde, genade en redding nie**. Solank hulle asemhaal is daar nog hoop.

a. Die man wat langs Jesus gehang het was 'n dief, en 'n moordenaar

b. Die apostel Paulus het Christene tereggestel en vermoor.

c. Petrus het Jesus drie keer verloen en tog red God elkeen van hulle.

d. En God kan jou ook red . Dit maak nie saak wat jy in jou lewe gedoen het nie of wie jy is nie, Jesus het gekom om sondaars te red! Elkeen van ons!

2. **LES 2 - Al wat God van ons vra, is geloof in sy Seun**. Ons kan nie vryspraak verdien deur goeie dade nie. - Efes 2:8-9

"Our lives are the only meaningful expression of what we believe and in whom we believe. And the only real wealth for any of us, lies in our faith" Gordon B Hinckley

Die beloftes in die Bybel is die basis vir die sekerheid wat ons kan hê:

Rom 10:11 Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie **beskaam** word nie.
NV - *Niemand wat in Hom glo sal **teleurgestel** word nie.*
Ampl - Rom 10:11 The Scripture says, No man who believes in Him [*who adheres to, relies on, and trusts in Him*] will [*ever*] be **put to shame or be disappointed**.
[*Ps. 34:22; Isa. 28:16; 49:23; Jer. 17:7.*]

1 Joh. 5:13 *Hierdie brief skrywe ek sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.*
1Jo 5:13 These things I have written to you who believe in the name of the Son of God, that you may know that you have eternal life, and that you may *continue to* believe in the name of the Son of God.

Joh. 6:47 *Wie in My glo, het die ewige lewe*
Joh 6:47 "Most assuredly, I say to you, he who believes in Me has everlasting life.
Joh. 3:16 *Sodat dié wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.*
Joh 3:16 "For God so loved the world that He gave His only begotten Son, that whoever believes in Him should not perish but have everlasting life.
Tronkbewaarder - Hand 16:31 *Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word.*
Act 16:31 So they said, "Believe on the Lord Jesus Christ, and you will be saved, you and your household."

3. **Ons moet nooit God se bereidwilligheid om ons dadelik en vir ewig deel te maak van Sy familie, in twyfel trek nie**. Jesus het vir die dief gesê "**VANDAG** sal jy saam met My in die paradys wees." Wanneer jy Jesus as jou Verlosser en Saligmaker aanneem word jy onmiddellik vergewe, aanvaar en is jy reguit oppad hemel toe. Jesus sê tog in **Joh. 14:6:** "*Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."* Geen rituele of spesiale versoeke is nodig nie, net eenvoudige geloof in die Seun van God!

3. "Daar is u seun... Daar is jou moeder." (Joh. 19:26-27)
Die derde kruiswoord gaan oor **troos en versorging**.
Self in Sy grootste pyn, verwerping, vernedering is die nood en behoeftes van die mense om Hom vir Jesus belangrik. So is ons persoonlike versorging ook vir Hom belangrik en weet ons dat Hy sorg vir ons daaglikse brood, vir ons veiligheid, vir ons inkomste, vir ons gesondheid, vir ons geestelike behoeftes, ens. Hy is ons Herder wat ons lei en na ons belange omsien.
Ons grootste vrees = verwerping ; ons grootste behoefte "om te behoort"

a. Hy gee ook Sy Gees aan ons as **TROOSTER** en helper, sê die Woord (Joh. 14:26)

b. Hy gee ons **MEKAAR** ….. **God het ons broers en susters gegee -**

Phi 2:1 As daar dan **enige troos in Christus is**, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is,
Phi 2:2 maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin.
Phi 2:1 Therefore if *there is* any consolation in Christ, if any comfort of love, if any fellowship of the Spirit, if any affection and mercy,
Phi 2:2 fulfill my joy by being like-minded, having the same love, *being* of one accord, of one mind.
Drie ure van totale stilte en duisternis (12:00-15:00)

Volgende kruiswoorde = Uitgespreek tussen 15:00-18:00

4. "My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matt. 27:46, Mark 15:34) (Boodskap: waarom het U my alleen gelaat)

Ons behoefte aan GOD SE NABYHEID

Skielik na die drie lang, onsekere en uitmergelende ure van duisternis, breek Jesus die stilte. Meteens… 'n angsvolle en vreesaanjaende kreet wat soos 'n mes deur die stilte sny. "Eli, Eli, lama sabagtani?" "**My God, My God, waarom het U my verlaat?"**

Op daardie oomblik was Jesus alleen, so alleen as wat 'n mens ooit kan wees. Jesus het op daardie oomblik geweet hoe dit voel om in die steek gelaat te word. 1. Sy familie het hom alleen gelos, 2. sy dissipels het gevlug en nou 3. het God hom ook verlaat. Vir Jesus wat in so 'n intieme verhouding met sy Vader geleef het, was dit die hardste slag van almal. God, sy Vader het hom verlaat! (Joh. 14:1-14)

As jy vandag seer het. Of as jy voel asof God jou verlaat het. m.a.w. verwerp, vergete of weggegooi voel, is daar vir jou 'n troos. **Jesus was ook daar.** Hy weet presies waardeur jy gaan en in watter diep, donker gat jy jou bevind. En Hy is daar saam met jou. Jesus kan simpatiseer met jou swakheid, want Hy het presies dieselfde gevoel.

MAAR JESUS IS NIE IN DIE STEEK GELAAT NIE

Aan die kruis beleef Jesus dat God vêr is, dat Hy Hom alleen gelaat het. Dit is die gevolg van sonde – dit bring skeiding tussen ons en God / dit isoleer ons van God:

2 Kor 5:12 … Hy is sonde vir ons gemaak ….*He who knew no sin was made to be sin for us that we might be made the righteousness of God in Him"* (2 Cor 5:21).

Jes 59:2 *Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie*

Omdat AL ons sonde op Jesus was aan die kruis (omdat Hy sonde vir ons geword het / 'n vervloekte in ons plek), het Hy Godverlatenheid beleef. Jesus se Godverlatenheid is ook die prys wat Hy moes betaal sodat ons in God se teenwoordigheid kan leef, nou en in die ewigheid.

God se belofte aan ons:

Heb 13:5 Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.

Mat 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

HY was VERLATE … MAAR ONS SAL NOOIT WEER VERLATE wees nie

5. "Ek het dors." (Joh. 19:28)

Die vyfde kruiswoord beklemtoon Jesus se intense **lyding**. Ons moet onthou dat hoewel Jesus ten volle God was, was Hy ook **ten volle mens**, en was die lyding wat hy deurgemaak het eg en werklik.

DIE MEES BASIESE FISIESE BEHOEFTE van die menslike LIGGAAM= "DORS" -

Dit is iets wat 'n mens nie beheer oor het nie en nie kan aan en af sit nie. Dit is bloot hoe ons geskape is. Kenners meen dat die menslike liggaam twee liter water per dag benodig vir optimale funksionering. Aangesien die liggame uit ongeveer 70% water bestaan, is dit ook die eerste noodsaaklikheid, waarsonder 'n mens definitief en baie vinnig sal sterf. Hoe interessant dat Jesus

nie eerste sê dat Hy honger is nie, maar dors.
Psa 22:14 (22:15) Ek is uitgestort soos water; al my beendere raak los; my hart het soos was geword; dit het gesmelt binne-in my ingewande.
Psa 22:15 (22:16) My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood.

Die woorde van Psalm 42:2 word hier waar: "Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God". Dit duidelik dat Jesus in Sy verlatenheid aan die kruis, ook 'n intense behoefte gehad om Sy geestelike dors te les.

Deur die woorde "Ek is dors" te uiter, het Hy die Ou Testamentiese profesie vervul. Psalm 69:22 "...toe ek dors was, wou hulle my asyn laat drink." Die psalm beskryf hier die swaarkry van Dawid, maar die woorde kom ook tot volle betekenis, in die vervulling van Jesus se dood aan die kruis.
Psalm 69:21 .... "They ... gave me vinegar for my thirst."

Jesaja 55:1-3 "Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, self die wat ook nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk. Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie, waarom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My, sodat julle kan eet wat goed is en versadig kan word met die beste wat daar is. Gee aandag en kom na My toe, luister, en julle sal lewe..."
Isa 53:4 Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.
Isa 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Isa 53:4 Surely He has borne our griefs And carried our sorrows; Yet we esteemed Him stricken, Smitten by God, and afflicted.
Isa 53:5 But He *was* wounded for our transgressions, *He was* bruised for our iniquities; The chastisement for our peace *was* upon Him, And by His stripes we are healed.

6. "Dit is volbring!" (Joh. 19:30)

Tetelestai. Die sesde kruiswoord is die **oorwinnings** woord.
Dit is die hoogtepunt van die kruisiging, want hiermee sê Jesus dat Hy dít waarvoor Hy gekom het, voltooi het, **sy werk is afgehandel**. Hy het betaal vir die sonde van die mensdom.

WAT IS VOLTOOI / VOLBRING ?

- **a.** Slang se kop is vermorsel - "I will put enmity between you and the woman, and between your offspring and hers; **he will crush your head** and you will strike his heel" (Gen3:15).
- **b.** Oorwinning oor sonde, dood en hel - He didn't say "I am finished" but rather "It is finished." It was a shout of victory over sin, death and hell.
- **c.** Die Paasfees is vir ewig volbring - The work of man's redemption was finished, accomplished. Jesus had offered himself without spot or blemish to God, and by that one sacrifice for sin, once and for all he had done all that was required to reconcile the world unto Go
- **d.** Tetelestai is 'n rekenkundige term wat op 'n rekening aangebring word om aan te toon dat

die rekening volledig vereffen is. - Dit beteken dat die rekening van opgestapelde sonde wat ons teen God het, nou deur Jesus ten volle betaal is. Daar is geen skuld meer teen ons nie. The slate is clean!

Kol 2:14 *Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.*

He paid a debt he did not owe,
I owed a debt I could not pay.
I needed someone to wash my sins a-way.
And now I sing a brand new song,
"Amazing Grace" all day long,
Christ Jesus paid a debt that I could never pay.

7. "Vader, in U hande gee Ek my gees oor." (Luk. 23:46)

(Boodskap: My Vader, Ek is besig om te sterf. Ontvang My asseblief daar by U"

Die finale woorde voordat Jesus sterf is woorde van **oorgawe**.

a. Sy sterwe is egter nie die einde nie, want op die Sondagoggend volg die oorwinning wat Jesus oor die dood het. Hy gee ook daardie oorwinning vir ons.

b. Ons kan ook met sekerheid **onsself oorgee aan die Vader** (**nou en wanneer ons sterf),** want Jesus het daardie pad vir ons gereed gemaak. Hy het gegaan om vir ons 'n plek te voor te berei in die hemel en ons weet dat God ons daar sal ontvang wanneer ons sterf. **d.w.s Om oor te beweeg van die aardse tydelike na die hemelse ewige.**

c. JESUS SE LEWE IS NIE GENEEM NIE ; HY HET DIT GEGEE "but I lay it down of my own accord. I have authority to lay it down and authority to take it up again. This command I received from my Father" (John 10:18). And so it was that Jesus consciously gave his life. He laid it upon the altar, just as the burnt offering of the Old Testament which had spoken of the greater sacrifice to come.

d. This last Word from the Cross is in fact a quotation from Psalm 31 (v.5).

Psa 31:5 (31:6) In u hand gee ek my gees oor; U het my verlos, HERE, God van trou.

Like David he could still say "but I trust in you, 0 Lord, I say 'You are my God', my times are in your hands" (14, 15).

Psa 31:14 (31:15) Maar ék vertrou op U, o HERE! Ek sê: U is my God.

Psa 31:15 (31:16) My tye is in u hand; red my uit die hand van my vyande en van my vervolgers.

e. "Father, into your hands I commend my spirit." This speaks of his confidence in God, his Father. He found security in his Father's hands and in so doing pointed the way to all who die believing.

The first Christian martyr, Stephen, left this life with the same security. "Lord Jesus" he said, "receive my spirit." This is the security that comes from knowing "him whom we have believed and are persuaded that he is able to keep that which we have committed unto Him." Yes, there is eternal security in the Cross.

SLOT:

STORIE : VAN TWEELING IN DIE BAARMOEDER